


ST. JONA EN ST. BERIKJESUS

29 MAART

(sterf 327)



In die jaar 327 het koning Sjapoer II van Persië begin om al die Christene in sy ryk wreedaardig te vervolg. Duisende is in die gevangenis gegooi. Twee Christen broers in die stad Beth-Asa, met die name Jonas en Berikjesus, het besluit om hul geloofsgenote in die tronk te besoek en te bemoedig. Hulle is gearresteer en self in die gevangenis gewerp waar hulle verskriklik gefolter is toe hulle weier om hul geloof af te sweer. Keer op keer is hulle die kans gegee om hulleself te bevry deur die Persiese godsdienst aan te neem en keer op keer het hulle geweier en is hul martelinge erger gemaak. Uiteindelik is albei oorlede. Hulle geloof sou eeue lank die Christen gelowiges in die destydse Persiese ryk besiel om onder moeilike omstandighede in hul eie geloof te volhard.